

Ek kan en sal
niks terugtrek nie,
want om teen my
gewete te gaan,
is nie reg of veilig nie.
Hier staan ek,
ek kan nie anders nie.
So help my God.
Amen.

Martin Luther

Kerkbode

© Nico Simpson

## BANKBESONDERHEDE


**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## 70-PLUSSERS TEE:

Ons nooi alle 70-plussers uit na 'n nostalgiese tee.

Woensdag, 27 September 2017 om 15:00 in die kerksaal.

Kontak die kerkkantoor indien u dit wil bywoon.








# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 10 September 2017**

*"Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie". (Kolossense 3:23)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Sending in Zimbabwe, Malawi en Mosambiek.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Danie) en op Vleesbaai (ds Robert).

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Bediening aan die Jode.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk (ds André) in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 vergader 10:00 in die kerk. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Woensdag 09:30 in die saal saam met ander groepe.

Ds André: Geen Bybelstudie agv Ringsitting.

Ds Robert: Woensdag om 09:00 Bybelstudie in die saal en Dinsdag om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep 19:00 te 17de Laan 18.

**Dinsdag:** Geen saambidgeleentheid agv Ringsitting.
Ringsitting te Reebokgemeente.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds Robert).
'n Gesamentlike Bybelstudie 09:30—11:00 in die saal. Die twee jong predikante wat die Ringskonferensie aanbied, kom gesels met ons oor die temas waarmee ons in die reeks besig is. Enige een is welkom—selfs al skakel u nie gereeld by 'n groep in nie.

**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Sinodale offer Bediening aan Dowes was R3144-20.

**KOSKAS:** SEPTEMBER is **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantby-draes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae by Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**KOM WEES DEEL:** Woensdae vanaf 10:00—12:00 kuiergroepie vir dames. Bring jou brei– of hekelwerk kom kuier heerlik saam in die kerksaal.

**STREEK C:** Ds Danie sal DV Dinsdag tot Donderdag 'n kursus doen in Stellenbosch. U kan gerus een van die ander dominees kontak as u 'n dominee benodig.

**LIEDBOEKE:** Ons vra dat lidmate wat die harde rooi omslag liedboekies het, wat hulle nie meer gebruik nie, vir Vleesbaai gemeente sal skenk. Ons het nie 'n skerm en tru projektor om die woorde van die liedere te vertoon nie. Vakansietye is dit 'n probleem wanneer ons baie besoekers het. Indien ons genoeg boekies kan kry, het ons nie nodig om kostes aan te gaan om die huidige blou afgerolde Sangbundels aan te vul nie. Handig dit asb in by die kerkkantoor. Dankie.




As ons genade, geloof, Christus se offer en die skat van die Bybel reg verstaan, kan ons nie anders nie. Ons wil 'n lewe lei wat AAN GOD AL DIE EER bring.

Ons reeks staan einde se kant toe: *Vreugdevol Vry* .

Vandag se tema is: Die lewe is 'n lied-soli Deo Gloria

**TE KOOP:** Pekanneute in dop (R100/ kg of R50/500g) is by die kerkkantoor te koop.

**LENTE DANKFEES:** R114 333-10 (R442-80 meer as vorige) is ingesamel. Baie dankie vir elkeen se ondersteuning!

**WEBWERF:** Ron Lareman is ons webmeester en hanteer ook ons Twitter rekening. Hy sal DV op 17 September net na kerk meer inligting gee. Dit sal in die saal wees. Dis 'n baie handige instrument om ingelig te bly - veral vir ons kinders en kleinkinders in die buiteland. Diegene wat na sy verduideliking kom luister, kry 'n koppie koffie/tee en skakel in.

**BEWYSE ONTVANG:** Christiaan JJ Lottering Blombosch vanaf Reebok. Hartlik welkom!

**NUUSBRIEF:** Ons nooi lidmate om 'n kort stukkie vir die nuusbrief te skryf (humor, mooi herinnering, ens). Gee asb deur na ds André.



## GEBEDSBULLETIN

***Tema vir September: Sendelinge***

**Hierdie week se DANKSEGGING:**

* Reformasie 500: Die kosbare skatte wat deur die Reformasie vir ons ontgin is - dat ons VREUGDEVOL VRY tot God se eer kan leef.
* Die NG Kerk se sendingspore wat meer as 130 jaar in Afrika lê.
* Sendelinge wat hulle geliefdes in Afrika moes begraaf of wie self daar gewerk en gesterf het.
* Oop deure en geleenthede by die skole; tieners wat voluit vir die Here leef en op eie inisiatief geestelike byeenkomste inisieer.

**Hierdie week se VOORBIDDING:**

* Zimbabwe/Malawi/Mosambiek. Ons kerkfamilie het in 1891 met werk in die suide van Zimbabwe, in 1889 in Malawi en 1908 in Mosambiek begin. Zimbabwe - 'n Kweekskool op Morgenster, CAVA (Christelike Oudiovisuele Aksie) wat Christelike lektuur ontwikkel en versprei. Malawi het 162 gemeentes met 184 leraars wat ondersteun word deur ons as NG Kerkfamilie. Mosambiek - daar is vandag 100 000 lidmate. HEFSIBA, 'n Christelike Hoër Onderwys-instituut op Vila Ulongue bied verskeie grade en diplomas in Teologie en Sielkunde aan. Bid asb vir hierdie groot werk.
* Vir alle kinders wat in huise groot word waar geen geestelike fondament gelê word nie.
* Voorsiening in die finansiële behoeftes van ons sendelinge asook vir hulle gesondheid in lande waar malaria of tropiese siektes 'n groot risiko is.
* Medies in SA - dink aan die krisis tov spesialiste (soos ginekoloë en kardioloë) wat die land verlaat.
* Matrieks in die laaste pylvak van hulle skoolloopbaan.
* Genoeg reën sodat die Weskaap se damme kan vol word.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:




Joey Olivier Santos Haven, Pieter Kempen Boggomsbaai, Riekie Janse van Rensburg Plaas Misgunst, Madeleine van Eeden Vleesbaai, Magriet de Villiers Danabaai aftreeoord, Johan Meyer 12de Laan, Louis Botha Cecil Shepherdstr, Mike D'Elboux 21ste Laan, Juliana Benn van Ken Andrewstr, Anton Benn Ken Adrewstr, Joan Muller Santos Haven 2, Gerda Muller van Santos Haven 2, Johlene Muller plaas Patrysfontein